

**Saterdag 28 November**

**Skrifgedeelte: Amos 8:1-14**

**Fokusgedeelte: Amos 8:11, 12**

**Die Woord in oorvloed vir gelowiges ... 'n ewige hongersnood vir ongelowiges**

'n Mandjie somervrugte is ryp om te eet, maar die profeet Amos sien 'n heeltemal ander prentjie – die mandjie met somervrugte wys dat die volk vir die Here se oordeel ryp is.

In hierdie profesie lees ons dat die volk weg van die Here gedraai het. Hulle ongeloof word in hulle werke sigbaar. Ons sien dit in hulle houding teenoor hulle naaste. Hulle vertrap die armes vir hulle eie gewin. Ons sien hulle ongeloof in hulle houding teenoor die Here. Wins is belangriker en daarom onderhou hulle nie meer die Sabbat en godsdienstige feeste nie. Hulle verwerp die ware aanbidding van God deur beloftes by ander gode af te lê en deur praktyke van bygeloof in te voer.

Amos verkondig die oordeel van die Here aan die volk. Hulle het die Woord verwerp en daarom sal die Here sy Woord finaal van hulle onttrek. Die Here is genadig, maar Hy sal nie sy Woord na mense stuur wat dit verwerp en nie wil hoor nie. Hulle sal nie sy teenwoordigheid ervaar nie.

Dit is die implikasie wanneer jy jou rug op die Here en sy Woord draai – Hy onttrek sy Woord. Niks kan erger wees nie, want wanneer die Here sy Woord onttrek, is daar nie die hoop van verlossing nie.

Die belofte vir gelowiges lê in die verlossingswerk van Christus: daar sal nie 'n geestelike hongersnood wees nie, want Jesus is die Woord (vgl. Joh. 1) wat deur sy Gees teenwoordig is. “Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie ...” (Joh. 6:35).

Diegene wat die Woord van die Here liefhet, leef vir ewig en gevoed in sy teenwoordigheid. Diegene wat die Woord verwerp, “sal val en nie weer opstaan nie”.

Mag jy besef dat jy ook daagliks na die Here moet draai en vreugde in sy Woord vind. Die tyd om te bekeer, is nou!

*Sing: Psalm 25-1:2; Psalm 119-1:1, 7*

*Prop. R Steyn (Ruan)*